Jaarverslag van Kunsvereniging Stellenbosch 2017/18

Annual report of Stellenbosch Arts Association 2017/18

Die Kunsvereniging het ‘n suksesvolle program beleef en het onder andere drie ledeuitstallings aangebied. Die ledetal aan die einde van 2017 was ongeveer 320. Een van die hoogtepunte van die jaar was die Meulplein-projek waar die Kunsvereniging die leiding geneem het om ‘n droom te bewaarheid om die ou watermeul, die Nieuwe Molen, in ere te herstel. Die projek het deel gevorm van ‘n unieke landskapsvernuwingsprojek van Stellenbosch Munisipaliteit.

Stellenbosch Arts Association approached the Municipality in 2016 with a concept plan designed by Strijdom van der Merwe to restore the third old wheat mill of Stellenbosch. The proposal and sponsorship were accepted. The mill that was in possesion of the Wilgenhof residence of Stellenbosch University has now been reerected on the Meulplein in the centre of Stellenbosch. The Arts Association also agreed to install an information board that describes the history of the mill. The new development must be viewed as an art installation and a unique sculpture. The old mill symbolises impermanence, while the rotation in time suggests vision: a future with hope and compassion. The project was completed on 14 August 2017 and will be inaugurated on 19 April 2018.

Ledebyeenkomste is gehou waar daar interessante lesings deur kundige sprekers aangebied is en wat groot byval geniet het. Aanbieders was hoofsaaklik kunstenaars en soms ook kunsliefhebbers. Lesings is meestal tweetalig aangebied:

Pietman Retief	28 Feb 2017	Opening ledeuitstalling, Kunssentrum PJOlivier
Algemene Jaarvergadering: Marieke Prinsloo	20 Apr 2017	Sy gesels oor haar nuwe projek met klei-osse.
Pieter Oosthuizen	26 Jul 2017	Delft Keramiek
Francé Beyers	29 Aug 2017	57 International Exhibition of La Biennale di Venezia
Johan van der Merwe	30 Sep 2017	Opening ledeuitstalling, Hofmeyrsaal
Huberte Rupert Gedenklesing: Elana Brundyn	29 Nov 2017	Zeitz MOCAA en die Norval Stigting
Strijdom van der Merwe	2 Mar 2018	Opening ledeuitstalling, Kunssentrum PJOlivier

‘n **Keramiekwerkswinkel** is deur Diane Heesom-Green by Stone Fish Studio te Paternoster, vanaf 22 – 23 Julie 2017 aangebied en is goed bygewoon.

Ongelukkig moes drie kursusse gekanselleer word weens gebrek aan belangstelling: Skilder deur Antoinette Cloete Nel, beginners tekenklasse deur Lourens Joubert en collage deur Aidon Westcott.

Excursions: A visit to the new Zeitz Museum for Contemporary Art Africa (MOCAA) in the Silo District, Cape Town, was held on Saturday 23 September 2017.

Holiday workshops for children were presented during the winter school holidays on 18, 19 and 20 June 2017 at the Jamestown and Cloetesville Libraries and at the PJ Olivier Art Centre. Corli de Kock,

Aidon Westcott and Nelis Koegelenberg presented classes for 9-15 year olds with the following themes: Fun with Matisse, make a selfie and fun with collage. There were 30 to 40 children per class and the local libraries were very pleased with the participation and our involvement in the community. We anticipate to continue this project in 2018. During the December 2017 school holidays Nelis Koeglenberg presented a three day Christmas workshop at the PJ Olivier Art Centre to children of the Child and Youth Care Centre. They made beautiful Christmas decorations and gifts.

Our effort to create more opportunities for our members to exhibit their art was accepted with great enthusiasm. Three **exhibitions** were held during this financial year.

1. Lede-Uitstalling in die Hofmeyrsaal, 30 September tot 9 Oktober 2017: Die jaarlikse lede-uitstalling was soos gewoonlik die hoogtepunt van die jaar. Hierdie was ‘n besondere geleentheid aangesien dit ‘n gesamentlike inisiatief van die Kunsvereniging en die Moedergemeente Stellenbosch was. Die uitstalling is gereël deur Prof Daniel Louw en die uitstalling is deur Dr Johan van der Merwe geopen. Die tema vir hierdie uitstalling was: Wonder. Meer as 50 kunstenaars het 225 werke uitgestel by hierdie geleentheid. Die gaskunstenaars was Marlene von Dürckheim, Strijdom van der Merwe, Marieke Prinsloo, Jacques Dhont en Jeffrey Appollis. Met die uitstalling is daar ook ‘n jeugkompetisie gereël wat deur Dané van Zyl gewen is.

2. Mini-Uitstalling by PJ Olivier, 16 tot 22 November 2017: Die uitstalling is gereël deur Ilana Maree en Laura Jonck. Die gasspreker was Pieter Oosthuizen. Alle werke se pryse was R1000.00 en minder. Die gaskunstenaars was Nanette Ranger en Janette Anderson. Meer as 55 kunstenaars het 280 werke ten toongestel. Weereens was die verkope besonder goed. Met die geleentheid het die Kunsvereniging ‘n belowende leerling, Mieke Smit, van die Kunsskool PJ Olivier vir haar studies geborg.

3. Lede-Uitstalling by P J Olivier, 2 Maart tot 11 Maart 2018: Die uitstalling is gereël deur Dirkie Offringa en Laura Jonck. Die gaskunstenaars was Betty Werth, Theo Kleynhans en Andre Stead en die openingspreker was Strijdom van der Merwe. Ons bedank Louisenhof wat wyn vir die aand geborg het. Die tema vir hierdie uitstalling was: Waarna kyk ons? Daar is 119 werke van 36 kunstenaars uitgestal.

As **kommunikasie-medium** gebruik die Vereniging e-posbriewe en -kennisgewings. Alle aktiwiteite word op die webwerf en Facebook gekommunikeer.

Die finansiële state van die Vereniging is deur Bernard Shaw Ouditeure nagegaan en in orde gevind.

Die hoofborg van die Vereniging wat dit mootlik maak om die genoemde projekte en die administratiewe take van die Kunsvereniging te behartig, en om lede van die gemeenskap en kinders te borg om werkswinkels by te woon, is Het Jan Marais Nationale Fonds. Die Vereniging se opregte dank gaan aan die Fonds. Ons bedank ook ons ander borge, nl Unistat en Deckle Edge.

Die Voorsitter bedank die Uitvoerende Komitee vir hulle onbaatsugtige bydraes en diens aan die Vereniging, asook die Stellenbosch Universiteitsmuseum, die Kunssentrum PJ Olivier en Moedergemeente Stellenbosch vir hulle gewaardeerde samewerking en ondersteuning.

Margot Steyn
Voorsitter Chairperson
Kunsvereniging Stellenbosch Arts Association Stellenbosch